NAMIBIA ENDURANCE RIDE ASSOCIATION

BOX / BUS 2069
OTJIWARONGO
NAMIBIA

TEL: +264-67-302869
FAX: +264-67-302869
Mobile: +264-81-2065939
E-MAIL: secretary@namibiaendurance.org

"TO FINISH IS TO WIN"

10/01/2019

Kennisgewing aan NERA lede:

Soos per inligting vervat in die besluiteregister van 17/11/2018 wat aan alle NERA lede per e-pos uitgestuur is, wil die NERA Raad net weer die volgende standpunte bevestig en onder NERA lede se aandag bring.

a. NERA as uithourit organisasie gaan nie ontbind nie. NERA se werksaamhede om uithouritte in Namibia te organiseer en administreer gaan ongestoord voort. Die huidge raadsstruktuur van NERA bly ook funksioneel en ten volle oprasioneel.

b. NERA het wel vanaf 01/01/2019 onder NAMEF ge – affilieer. NERA het as organisasie, in geheel onder NAMEF ge- affilieer en nie op 'n individuele ruiter basis nie. NERA het reeds die NAMEF klublidmaatskap van N$ 2100.00 per klub aan NAMEF oorbetaal.

c. NERA Lidmaatskap fooie soos vir 2019 vasgestel word soos normaal aan die bestaande NERA klubs oorbetaal.

d. Mnr. Jan Meeser, President van NERA, is as die uithouritverteenwoordiger op NAMEF aangewys. Die verteenwoordiger sal saam met die NERA Raad sake van belang hanteer en administreer.

e. Alle uithourit aktiwiteite in Namibia bly nogsteeds onderhewig aan die reëls, regulasies, konstitusie en koste strukture van NERA.

f. Dunside klub het as "toets klub" direk onder NAMEF ge-affilieer. Uithouritlede van die betrokke klub sal hul N$ 1300.00 lidmaatskap fooie direk aan NAMEF oorbetaal. NAMEF sal dan die fooie weer aan NERA oorbetaal. Duneside klub het soos per bestaande NERA klubs ook 2 lede verteenwoordiging op die huidige NERA Raad. Duneside klub word beide deur NERA en NAMEF verwelkom tot die uithourit familie in Namibia.

Perde groete
Patrick Liebenberg